Florida UJ byeenkoms Vrydag 09/02/2018

Dit was ‘n ware toets vir ons atlete, wat hul met lof geslaag het. Die gees op die pawiljoen het elke atleet aangespoor om sy beste te lewer. Ons atlete het ook gewys dat hulle oorgehaal is om die atletiekseisoen op ‘n hoë noot af te sluit met verskeie goeie prestasies. Daar het 8 atlete meer as 1000,15 atlete meer as 900 en 24 atlete meer as 800 punte op die ABSA-tabel behaal. Die uitslag aan die einde van die aand was ‘n ware refleksie van die spanpoging. Geluk en dankie aan elke atleet en toeskouer wat van die aand ‘n sukses gemaak het. Dit is belangrik dat jul elke dag se oefening sal bywoon, aangesien Interhoër oor twee weke is.Sterkte en geniet!

Die volgende atlete het meer as ‘n 1000 punte op die ABSA-tabel behaal:

Naam	**Ouderdom**	**Item**
Marx Nel	0/14	Diskus en 200m
Carlo Brink	0/15	Diskus
Damian Oosthuizen	0/15	Diskus en Gewigstoot
Ntando Mahlangu	0/16	800m en 400m
Bjorn Van Wyk	0/16	100
Gerdus du Plessis	0/17	110m Hekkies
Luaan Munnik	0/19	800m
Christi Le Roux	0/19	Verspring

Die uitslae was as volg:

1 Afrikaans Hoër Seunskool	555
2 Menlopark	520
3 Noordheuwel	321
4 Waterkloof	311
5 HTS Middelburg	273
6 Kemptonpark	252
7 Florida	133
8 Linden	114

VOLGENDE BYEENKOMS

Woensdag Top 10 by LC de Villiers stadion.